



education

**Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE**

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

BESIGHEIDSTUDIES V1

NASIENRIGLYNE

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1.1 B ✓✓
 1.1.2 C ✓✓
 1.1.3 A ✓✓
 1.1.4 D ✓✓
 1.1.5 B ✓✓ (5 x 2) (10)
- 1.2.1 E ✓✓
 1.2.2 C ✓✓
 1.2.3 F ✓✓
 1.2.4 A ✓✓
 1.2.5 H ✓✓ (5 x 2) (10)
- 1.3.1 Skedulering ✓✓
 1.3.2 Samesmelting ✓✓
 1.3.3 Demografie ✓✓
 1.3.4 Handelsmerk ✓✓
 1.3.5 SABS ✓✓ (5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 1	PUNTE
1.1	10
1.2	10
1.3	10
TOTAAL	30

AFDELING B**VRAAG 2: SAKEOMGEWINGS**

- 2.1.1 Inflasie ✓✓
 2.1.2 Storting ✓✓
 2.1.3 Roofkopiëring ✓✓ (6)

Besigheids- omgewing 2.2.1	Voorbeeld uit die scenario 2.2.1	Uitdagings 2.2.2	Mate van beheer 2.2.3
Mikro omgewing ✓✓	Ora Skeppings het tien stiliste in diens geneem wat altyd laat is vir werk. ✓	Moeilike werknemers ✓	Die besigheid het volle beheer ✓
	Ora Skeppings het 'n swak bemarkingstrategie en het baie van hul kliënte aan Blessings Mode Ontwerpers verloor. ✓	Gebrek aan voldoende bestuursvaardig- hede ✓	

Mark omgewing ✓✓	Die bestuur van Ora Skeppings koop hul materiaal by Rex Klere-vervaardigers aan, wat baie hoë pryse vir hul materiaal vra. ✓	Tekort aan voorraad ✓	Die besigheid het gedeeltelike beperkte beheer ✓
	Blessings Mode Ontwerpers het pas by die modebedryf aangesluit met eksklusiewe ontwerpe wat baie kliënte lok. ✓	Mededinging ✓	
Makro omgewing ✓✓	Ora Skeppings is op 'n plek geleë waar daar 'n hoë mate van armoede en misdaad is. ✓	Sosio-ekonomiese kwessies ✓	Die besigheid het geen beheer ✓
	Die regering het invoertariewe verhoog, wat dit vir Ora Skeppings moeilik maak om met invoer vanuit Dubai voort te gaan. ✓	Hedendaagse wetgewing ✓	
Sub maks (6)	Sub maks (3)	Sub maks (3)	Sub maks (3)

[15]

2.3.1 Definisie van 'n staking

'n Staking vind plaas wanneer werkers weier om te werk omdat hulle ongelukkig is oor elemente in die werkplek, bv. lone of werksomstandighede. ✓✓ (2)

2.3.2 Definisie van 'n sloerstaking

Werknemers daag by die werk op, ✓ maar hulle werk teen 'n baie stadige tempo ✓ en produseer minder goedere as gewoonlik. (2)

2.4 Verduidelik netwerk

'n Netwerk is die proses om nuwe mense te ontmoet ✓ en inligting te deel wat tot effektiewe besigheidfunksionering lei ✓ Sub maks (2)

Belangrikheid van 'n netwerk

- Dit speel 'n belangrike rol in die bemerking ✓ en uitbreiding van 'n organisasie ✓
- Dit bou alliansies met ander mense, ✓ omdat jy dalk hul dienste in die toekoms kan benodig ✓
- Dit help om nuwe sakegeleenthede te ontdek ✓ en nuwe kliënte te ontmoet ✓
- Om nuwe werksgeleenthede te vind ✓ en ook om ons besighede te adverteer

Sub maks (4)

Maks (6)

2.5 Drie tipes steunwerwing

Verskansing teen inflasie ✓✓

- Die besigheid kan verskansings gebruik deur effekte, aandele, eiendom of edelmetale soos goud te koop om kapitaal teen die gevolge van inflasie te beskerm. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met steunwerwing verband hou

Sub maks (3)

Bedingingsessies tussen bestuur en vakbonde ✓✓

- Hierdie sessies stel elke individuele werker, wat op sy eie magteloos is, instaat om as 'n groep met werkgewers te onderhandel om te verseker dat werkers se regte beskerm is

Beïnvloed die toesighoudende liggaam/reguleerders ✓

- Enige ander relevante antwoord wat met bedingingsessies tussen bestuur en vakbonde verband hou.

Sub maks (3)

Om toesighoudende liggame/reguleerders te beïnvloed ✓✓

- Die onderneming moet 'n aktiewe rol in professionele liggame speel ✓
- Deur hul lidmaatskap, voorspraak en voorleggings moet hulle in staat wees om aan die bestaande regulasies beïnvloedbare veranderinge te kan maak ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe ondernemings reguleerders kan beïnvloed.

Sub maks (3)

NEEM KENNIS: Merk slegs die eerste DRIE (3)

(3 x 3) (9)

[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 2	PUNTE
2.1.1	2
2.1.2	2
2.1.3	2
2.2.1	9
2.2.2	3
2.2.3	3
2.3.1	2
2.3.2	2
2.4	6
2.5	9
TOTAAL	40

VRAAG 3: SAKEBEDRYWIGHEDE

3.1 Ses bemarkingsaktiwiteite

- Standaardisering en gradering ✓
- Berging (stoor) ✓
- Vervoer ✓
- Finansiering ✓
- Risiko-dra ✓
- Koop en verkoop ✓

(6)

3.2.1 Vereistes van goeie verpakking

Goeie verpakking poog om:

- Die produk te beskerm ✓ en te bevorder. ✓
- Die produk aan sy bevorderingstrategie ✓ te koppel. ✓
- Die aandag ✓ van verbruikers te trek. ✓
- Die verbruikers mee te deel ✓ hoe om die produk te gebruik. ✓
- Bederf of skade ✓ te voorkom. ✓

- Stoorkoste, ✓ deur breekskade, te verminder. ✓
- Produkte maklik te kan hanteer ✓ en op rakke in die winkel te vertoon. ✓
- Die korrekte massa of volume ✓ van die inhoud van die produk aan te dui. ✓
- Indien van toepassing, die bestanddele van die produk ✓ aan te dui. ✓
- Die naam en kontakbesonderhede van die vervaardiger ✓ aan te dui. ✓

Maks (6)

3.2.2 Verskillende soorte verpakking

Vorm van verpakking	Beskrywing	Voorbeeld
Verpakking vir onmiddellike gebruik ✓	Ook bekend as eenheid-verpakking. Verpakking moet goedkoop wees, ✓ want sodra die produk verbruik word, word die verpakking weggegooi ✓	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Sjokoladestafie papier • Aartappelskyfiespakkie ✓
Verpakking vir dubbele gebruik ✓	Verpakking kan hergebruik word vir ander doeleindes as om die oorspronklike inhoud te stoor. ✓ Verbruikers sal dus aan die spesifieke handelsmerk herinner word ✓ nadat die oorspronklike inhoud verbruik is ✓	<ul style="list-style-type: none"> • Houers wat oorspronklik gebruik is om roomys, margarine of waspoeier in te pak wat later gebruik kan word om ander produkte in te stoor ✓
Verpakking vir herverkoop ✓	Kleinhandelaars koop produkte in grootmaat ✓ by groothandelaars of verskaffers aan. Hierdie produkte word dikwels in grootmaat verpak. ✓ Kleinhandelaars pak dan die produkte uit om dit afsonderlik of in kleiner hoeveelhede te verkoop. ✓	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Groot boks wat baie bokse waspoeier bevat ✓ – die bokse waspoeier word uit die oorspronklike groot verpakking geneem om afsonderlik verkoop te word • 'n Kas bier – bottels bier word uit die oorspronklike verpakking geneem om een-vir-een verkoop te word
Kaleidoskopiese verpakking ✓	Ook bekend as veranderende verpakking. ✓ Alhoewel die basiese kleure en ontwerp van die verpakking onveranderd bly, ✓ verander sekere detail van die verpakking om 'n belangrike sportbyeenkoms of kompetisie ✓ te adverteer ✓	<ul style="list-style-type: none"> • Koeldrankblikkies wat die Sokker Wêreldbeker of Olimpiese Spele adverteer ✓ • Gesondheidsgraan wat 'n nuwe dieet op sy verpakking adverteer
Spesialiteitsverpakking ✓	Verpakking moet by die produk pas ✓ Stylvolle produkte, soos juweliersware moet so verpak word dat dit by die prys en aard van produk pas ✓	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Duur horlosie in 'n stylvolle juwelierskissie ✓

Kombinasie-verpakking ✓	Komplementêre (aanvullende) produkte word saam verpak ✓ omdat sulke produkte gewoonlik saam gekoop word. ✓ Kombinasie-verpakking is 'n strategie om wins te verhoog ✓ omdat verbruikers wat net belangstel om een produk te koop, nou meer geld spandeer om ook die komplementêre (aanvullende) produk te koop ✓	<ul style="list-style-type: none"> • Stortgel en spons ✓ • Bypassende parfuim en handerom • Baba-doeke en baba-afveelappies
Sub maks (2)	Sub maks (2)	Sub maks (2)

[6]

Neem kennis: Merk slegs die eerste TWEE (2)**3.3 Die impak van elektroniese bemarking****Voordele/Positiewe**

- Koste is laer ✓ en daar is beter opbrengste op beleggings ✓
- Vinniger proses om boodskap ✓ by kliënte te kry ✓
- In staat om data vanaf teikenmark ✓ te meet en te gebruik ✓
- Meer interaksie ✓ met die gebruiker ✓
- Verminder koste ✓ van tussengangers ✓
- 'n Vinnige en suksesvolle ✓ wyse van handelsmerk sigbaarheid ✓
- Laat toe vir onmiddellike terugvoer ✓ tot die besigheid op verbruikersmenings ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met voordele van elektroniese bemarking verband hou

EN/OF**Nadele/Negatiewe**

- Dit is van tegnologie ✓ afhanklik ✓
- Baie kompeterende ✓ globale mark ✓
- Onderhoud van tegnologie ✓ en stelsels ✓
- Minder buigsame ✓ prysstrukture ✓
- Sekuriteit nie gewaarborg nie ✓ weens kuberkrakers en bedrog ✓
- Gemors e-posse kan mense irriteer ✓ en die onderneming 'n slegte reputasie gee ✓
- Slegte "PR" ✓ waar enigiemand hul negatiewe mening oor 'n besigheid kan versprei bv. op Hello Peter of op Twitter ✓
- Potensiële kliënte wat nie internet het nie ✓ kan by e-bemarking uitgesluit word ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met nadele van elektroniese bemarking verband hou

Maks (8)

3.4 Definisie van gehaltebeheer

- Gehaltebeheer verwys na die proses om te verseker ✓ dat goedere of dienste volgens konsekwente hoë standaard gemaak is ✓
- Dit behels die beheer van materiale, ✓ vakmanskap en masjinerie wat in die produksieproses ✓ gebruik word
- Enige ander relevante antwoord wat met die definisie van gehaltebeheer verband hou

Maks (2)

3.5 Maniere om aan die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Nr. 85 van 1993) te voldoen

- Werkgewers wat meer as twintig werknemers in diens het, moet minstens een gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordiger vir elke 100 werknemers aanstel ✓✓
- Verseker die gesondheid en veiligheid van persone by die werk tydens die gebruik van aanlegte en masjinerie ✓✓
- Werkers moet van beskermende uitrusting, om hulself teen gevaarlike situasies te beskerm, voorsien word ✓✓
- Noodhulpkaste moet by die werkplek en in die fabriek beskikbaar wees ✓✓
- Masjiene moet gereeld onderhou word en vinnig herstel word ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop ondernemings aan die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Nr. 85 van 1993) kan voldoen Maks (4)

3.6 Rol van die onderhoudvoerder tydens die onderhoudproses

- Ken dieselfde hoeveelheid tyd aan elke kandidaat toe ✓✓
- Stel lede van die onderhoudspaneel aan elke kandidaat/onderhoudnemer voor ✓✓
- Maak die kandidaat gemaklik ✓✓
- Moenie die kandidaat mislei nie ✓✓
- Voorsien 'n geleentheid vir die kandidaat om vrae te vra ✓✓
- Sluit onderhoud af deur die kandidaat vir die bywoning van die onderhoud te bedank ✓✓
- Vra slegs werksverwante vrae ✓✓
- Moenie vroulike kandidate oor hul planne om te trou of kinders te hê vra nie ✓✓
- Moenie vrae vra wat die kandidaat as diskriminerend kan beskou nie ✓✓
- Enige relevante antwoord wat met die rol van die onderhoudvoerder tydens die onderhoudproses verband hou Maks (8)

[40]**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 3	PUNTE
3.1	6
3.2.1	6
3.2.2	6
3.3	8
3.4	2
3.5	4
3.6	8
TOTAAL	40

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**SAKE-OMGEWINGS****4.1.1 Besigheidsektore**

Besigheidsektor	Aanhaling vanuit scenario
Primêre ✓✓	Spax Wynlandgoed het sterk minerale in die grond wat goeie gehalte druiwe verbou. ✓
Sekondêre ✓✓	Molly Produsente koop druiwe by Spax Wynlandgoed aan en gebruik dit om wyn in die platteland te produseer. ✓
Tersiêre ✓✓	Miracle Kleinhandelaars is een van hul lojale kliënte wat hul spoedige afleweringdienste en billike pryse geniet. ✓
Sub maks (6)	Sub maks (3)

NEEM KENNIS: Moenie punte toeken vir antwoorde wat nie uit die scenario aangehaal is nie.

Maks (9)

4.1.2 Skakel tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektore

- Die sekondêre sektor maak op die primêre sektor vir grondstowwe en produkte staat ✓
- Die sekondêre sektor verwerk die grondstowwe, ✓ wat uit die primêre sektor verkry is, in nuttiger produkte ✓
- Die primêre sektor is weer van die sekondêre sektor afhanklik vir vervaardigde goedere ✓ soos masjinerie/toerusting/bemestingstowwe ✓
- Die primêre sektor is van die tersiêre sektor afhanklik vir sy kliëntebehoefes ✓
- Die tersiêre sektor is van die primêre sektor afhanklik vir grondstowwe ✓ wat nie verwerking deur die sekondêre sektor benodig nie ✓
- Die sekondêre sektor maak op die tersiêre sektor staat vir 'n verskeidenheid dienste, ✓ soos bank- en versekeringsdekking ✓
- Die tersiêre sektor maak op die sekondêre sektor staat vir vervaardigde goedere ✓ soos kantoormasjiene/kantoormeubels/skryfbehoeftes, ens. ✓
- Enige relevante antwoord wat met die skakel tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektor verband hou

Maks (6)

4.2 Hoe kontemporêre wetgewing sakebedrywighede kan beïnvloed

- Versuim om aan wetgewing te voldoen ✓ het ernstige gevolge ✓
- Die onderneming kan óf swaar boetes ontvang ✓ óf besigheidseienaars ✓ kan tot gevangenisstraf gevonniss word ✓

(5)

SAKEBEDRYWIGHEDE

4.3.1 Penetrasiëpryse ✓✓

4.3.2 Promosiepryse ✓✓

4.3.3 Sielkundige prysbepaling ✓✓

(6)

4.4 Definisie van die verspreidingskanaal

- Die roete waarlangs die produk van die produsent tot die verbruiker ✓ verskuif word. ✓ Dit bestaan uit al die organisasies ✓ waardeur die produk gaan – van produksie tot verbruik. ✓ Die kanaal staan bekend as kanaal tussengangers ✓ of net tussengangers.
- Enige ander relevante antwoord wat met die definisie van die verspreidingskanaal verband hou

Maks (2)

4.5 Redes vir direkte verspreidingsmetodes deur vervaardigers

- Vervaardigers verkies om met die verbruiker te onderhandel, ✓ omdat die vervaardiger die produk moet demonstreer/na-verkope diens moet lewer ✓
- Tussengangers is nie gewillig ✓ om vervaardigers se goedere te versprei nie ✓
- Geen hulpdienste ✓ word deur die tussengangers aangebied nie ✓
- Tussengangers kan nie die produk gou genoeg by die verbruiker aflewer nie ✓ omdat die produk bederfbaar is ✓
- Kleinhandelaars en verbruikers verkies dat die vervaardiger direk aan hulle voorsien, ✓ omdat die produkte goedkoper sal wees ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die redes waarom vervaardigers verkies om van direkte verspreidingsmetodes gebruik te maak

Maks (8)

4.6 Veiligheidsbestuur in die werkplak

- Werk in 'n produksieaanleg ✓ of fabriek kan gevaarlik wees ✓
- Werkers mag dalk gevaarlike masjinerie, toerusting of chemikalië op 'n daaglikse basis hanteer, ✓ en indien die korrekte veiligheidsmaatreëls nie gevolg word nie, ✓ kan ongelukke maklik plaasvind
- Veiligheidsbestuur poog om werksplekongelukke te voorkom ✓ deur werkprestasië, masjienprestasië en die werksomgewing te beheer ✓

Maks (4)

[40]**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 4	PUNTE
4.1.1	9
4.1.2	6
4.2	5
4.3.1	2
4.3.2	2
4.3.3	2
4.4	2
4.5	8
4.6	4
TOTAAL	40

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 5: SAKEOMGEWING
(MARKOMGEWING)****Inleiding**

- Die sakeomgewing bestaan uit die mikro-, mark- en makro-omgewings ✓
- Die markomgewing is deel van die eksterne sakesomgewing ✓
- Die besigheid het beperkte beheer oor die komponente/uitdagings van die markomgewing ✓
- Die uitdagings wat met die komponente van die markomgewing verband hou is direk deur gebeure in die makro-omgewing beïnvloed ✓
- Enige ander relevante inleiding met betrekking tot die markomgewing (2 x 1) (2)

Komponente van die markomgewing

- Kliënte/kopers ✓ is die finale gebruikers van die produk/dienste ✓
- Verskaffers ✓ sluit fabrieke/voorsieners van goedere/dienste, wat besighede sal verkry/koop ten einde hul besigheid te bedryf, in ✓
- Tussengangers/agentes ✓ wat help om produkte aan verbruikers te bevorder, te verkoop en te versprei ✓
- Mededingers ✓ wat dieselfde/soortgelyke produkte/dienste verkoop, kan 'n groter impak op die mark van die onderneming hê ✓
- Reguleerders ✓ is 'n persoon/organisasie met amptelike mag om 'n aktiwiteit te beheer en seker te maak dat dit op 'n bevredigende manier gedoen word/maak reëls wat die onderneming in die verskillende nywerhede moet gehoorsaam ✓
- Strategiese bondgenote ✓ verwys na twee of meer besighede wat saamwerk om hulle toe te laat om die kundigheid wat hulle ontbreek van 'n ander onderneming te verkry ✓
- Unies ✓ is die werknemersorganisasies wat daarop gemik is om die werksomstandighede van die arbeidsmag te verbeter ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die komponente van die markomgewing verband hou (8)

Neem kennis: Merk slegs die eerste VIER (4) komponente**Uitdagings van die markomgewing****Tekort aan voorraad ✓✓**

- Dit is vir 'n besigheid noodsaaklik om gereelde voorrade ✓ van al die materiale wat in die produksieproses gebruik word te hê ✓
- Enige tekort ✓ kan 'n ernstige negatiewe uitwerking op produksie en winste hê ✓
- Ontevrede kliënte kan die reputasie ✓ en die toekoms van die besigheid bedreig ✓
- Die besigheid moet beplan en goed kommunikeer ✓ sodat enige veranderinge in goedere en dienste wat benodig word betyds vervul kan word ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met tekort aan voorraad

Uitdaging (2)
Verduideliking (2)
Sub maks (4)

Sterk mededinging ✓✓

- Ander besighede wat soortgelyke/plaasvervangende produkte verkoop ✓ is 'n probleem/bedreiging vir die sukses van die besigheid ✓
- Verbruikers sal van besighede koop ✓ waar hulle die meeste waarde vir geld kry ✓

- As die besigheid nie in staat is om die kwaliteit diens/produkte te ewenaar nie en om by die prys van sy mededingers aan te pas nie ✓ sal dit in werklike gevaar wees ✓
- Besighede kan vind dat hulle nie genoeg wins ✓ maak wanneer die vraag nie hoog genoeg is om die aanbod van dieselfde goedere/dienste te ondersteun nie ✓
- Die besigheid moet verseker dat dit homself van sy mededingers onderskei ✓ om 'n mededingende voordeel te hê ✓
- Die uitdagings rondom mededingers kan 'n bedryfstryd wees waar besighede poog om meer as hul mededingers te verkoop, ✓ nuwe toetreders met beter produkte/goedkoper of beter plaasvervangers ✓
- Besighede moet van hul mededingers ✓ en hul pryse/invloede/bedrywighede bewus wees ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met sterk mededinging verband hou.

Uitdaging (2)
Verduideliking (2)
Sub maks (4)

Veranderinge in verbruikersgedrag ✓✓

- 'n Besigheid is van sy kliënte afhanklik ✓ om sy produkte te koop ✓
- Verbruikers word deur baie faktore beïnvloed ✓ en is meestal onvoorspelbaar in hul koopgedrag ✓
- Verbruikers se voorkeure en smaak kan verander ✓ soos modes verander en tegnologie vorder ✓
- Veranderinge in verbruikersgedrag, bestedingsgewoontes, smaak en voorkeure ✓ bied 'n voortgesette uitdaging vir besighede ✓
- Die uitdagings sluit in om met veranderinge in verbruikersvoorkeure en vraag tred te hou deur navorsing te doen, ✓ maniere te vind om verbruikersvraag te beïnvloed en om advertensies/veldtogte en /verbruikersopnames te doen ✓
- Besighede moet bewus wees van, en veranderinge in vraag en gedragspatrone van verbruikers verstaan ✓ en dienooreenkomstig aanpas ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met veranderinge in verbruikersgedrag verband hou.

Uitdaging (2)
Verduideliking (2)
Sub maks (4)

Demografie en psigografie ✓✓

- Verbruikers se houding, belangstelling, menings en lewenstyl ✓ bepaal die eienskappe van die verbruiker ✓
- Dit is moeilik om die demografie/psigografie van die teikenmark te bepaal, ✓ omdat hulle gereeld verander ✓
- Besigheid moet van die diversiteit van die markte ✓ en die kulturele en sosiale invloede op die keuses wat mense maak bewus wees ✓
- Die uitdagings sluit die versameling/vertolking van inligting oor die teikenmark in ✓ en om die data te gebruik om 'n bemarkingstrategie te ontwikkel ✓
- Besigheid moet die houdings, smake en begeertes van die mark ✓ bestudeer ✓
- Die demografie en psigografie kan vinnig verander en besighede moet net so vinnig verander ✓ as hulle hul kliënte wil behou ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met demografie en psigografie verband hou.

Uitdaging (2)
Verduideliking (2)
Sub maks (4)

Sosio-kulturele faktore ✓✓

- Sosio-kulturele faktore beskryf die algemene gedrag en houdings ✓ van 'n bepaalde samelewing ✓
- Soos die samelewing verander ✓ so sal die kulturele waardes en praktyke van individue ook verander ✓
- Besigheid moet van veranderinge bewus wees ✓ sodat hulle bedreigings kan vermy deur voordeel uit die nuwe geleentheid wat die verandering mag bied kan trek ✓
- Besighede moet van sosiale tendense en invloedryke veldtogte, ✓ wat aankope bevorder, bewus wees ✓
- Die uitdaging is om inligting oor veranderinge te versamel ✓ en om daarop te reageer deur die aanpassing van praktyke om sy kliëntebasis te onderhou en te verhoog ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met Sosio-kulturele faktore verband hou.

Uitdaging (2)
Verduideliking (2)
Sub maks (4)
(5 x 4) Maks (20)

Maniere waarop die onderneming mededinging in die mark kan oorkom

- Verskaf 'n ander produk of diens ✓✓
- Bied 'n meer persoonlike diens aan ✓✓
- Verseker die laagste pryse ✓✓
- Hou produkte van 'n beter gehalte aan ✓✓
- Neem goed opgeleide en kundige personeel in diens ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die manier waarop 'n onderneming mededinging in die mark kan oorkom

Maks (10)

Maniere waarop 'n besigheid by uitdagings in die sake-omgewing kan aanpas

- Organisasie ontwerp en buigsaamheid
 - Verwys na die proses van die organisering van die werknemers, ✓ inligting en tegnologie in 'n besigheid. ✓
 - Deur die organisasie se ontwerp van die besigheid ✓ tot die doel van die besigheid te koppel, verbeter doeltreffendheid en verhoog die vermoë om op uitdagings te reageer. ✓
- Sosiale verantwoordelikheid
 - Behels om verantwoordelikheid vir die impak van die besigheid se aktiwiteite op kliënte, ✓ werknemers, aandeelhouers, gemeenskappe en die omgewing te neem. ✓
 - Dit is 'n manier om die sake-omgewing direk te beïnvloed ✓ deur 'n korporatiewe maatskaplike verantwoordelikeheidsbelegging te maak. ✓

Maks (8)

Slot

- Die markomgewing stel uitdagings vir 'n onderneming en die onderneming moet noukeurig aandag aan hulle gee, omdat hulle nie so maklik is om te manipuleer soos die uitdagings van die mikro-omgewing nie ✓✓
- Besigheid kan nie die markomgewing beheer nie en moet dus by die uitdagings van die markomgewing aanpas ✓✓
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat met die markomgewing verband hou

Maks (2)

[40]

VRAAG 5: UITEENSETTING VAN PUNTE

Besonderhede	Maximum	Totaal
Inleiding	2	Maks 32
Komponente van die markomgewing	8	
Uitdagings van die markomgewing	20	
Om mededinging in die mark te oorkom	10	
Om by uitdagings in die sakeomgewing aan te pas	8	
Slot	2	
INSIG		
Uitleg / Struktuur	2	Maks 8
Analise / Interpretasie	2	
Sintese	2	
Oorspronklikheid / Voorbeelde	2	
TOTAAL PUNTE		40

LASO – vir elke komponent

Ken 2 punte toe indien daar aan al die vereistes voldoen word.

Ken 1 punt toe indien daar aan sommige vereistes voldoen word.

Ken 0 punte toe indien daar glad nie aan die vereistes nie voldoen word nie.

**VRAAG 6: SAKEONDERNEMINGS
(MENSLIKE HULPBRONNE)****Inleiding**

- Induksie is die proses om nuwe werknemers in 'n besigheids- /werkomgewing bekend te stel. ✓
- 'n Goeie induksieprogram sal die nuwe werknemer in staat stel om vinnig in te skakel. ✓
- Besighede moet verseker dat induksie gedoen word voordat die werknemer in sy/haar nuwe posisie begin ✓
- Plasing is die proses om werknemers in 'n vakante posisie te plaas waar hulle optimaal sal funksioneer ✓
- Werkgewers en werknemers moet aan die bepalings en voorwaardes van die dienskontrak voldoen ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met induksie/plasing/Vaardighedsontwikkelingswet/dienskontrak verband hou Maks 2

Doel van induksie/Inhoud van 'n induksieprogram**Doel van induksie**

- Stel nuwe werknemers aan bestuur/kollegas bekend ✓ om verhoudings met mede-kollegas op verskillende vlakke te vestig ✓
- Skep geleentheid vir nuwe werkgewers ✓ om verskillende afdelings te ervaar/te verken ✓
- Verduidelik veiligheidsvoorskrifte en reëls, ✓ sodat nuwe werknemers hulle rol/verantwoordelikhede in hierdie verband sal verstaan ✓
- Kommunikeer inligting ✓ oor produkte/dienste van Mojo Handelaars ✓
- Gun die werknemers die geleentheid om vrae te vra ✓ wat hulle op hul gemak sal plaas en wat onsekerheid/angs/vrees sal verminder ✓
- Laat nuwe werknemers tuis voel ✓ deur hulle aan hul fisiese werkruimte bekend te stel ✓
- Gee nuwe werknemers 'n toer/inligting ✓ oor die uitleg van die gebou/kantoor ✓
- Verbeter vaardighede ✓ deur indiensopleiding ✓
- Maak nuwe werknemers bekend ✓ aan die organisasiestruktuur/hul toesighouers ✓
- Verseker dat werknemers hul rolle/verantwoordelikhede verstaan ✓ sodat hulle meer doeltreffend/produktief sal wees ✓

- Kommuniqueer besigheidsbeleide ✓ aangaande etiese/professionele gedrag/prosedures/ dienskontrak/diensvoorwaardes, ✓ ens.
 - Enige ander relevante antwoord wat met die doel van induksie verband hou
- Sub maks (10)

Plasingsprosedure

- Mojo Handelaars moet spesifieke verantwoordelikhede/verwagtinge van Karabo se nuwe posisie uiteensit ✓✓
 - Bepaal die werknemer se sterkpunte/swakpunte/vaardigheidsbelange deur hom aan verskeie psigometriese toetse te onderwerp ✓✓
 - Mojo Handelaars moet die verwantskap/ooreenkomste tussen die verwagtinge van die posisie en Karabo se vaardighede bepaal ✓✓
 - Enige relevante antwoord wat met die plasingsprosedure verband hou
- Maks (6)

Onderskei tussen stuksgewyse en tydverwante salarisbepalingsmetodes

Stukwerk vergoeding	Tydverwante vergoeding
• Vergoeding vir 'n spesifieke stuk werk ✓✓	• Vergoeding volgens 'n ooreengekome uurlikse tarief ✓✓
• Beteken dat wanneer die werknemer die werk voltooi het, hulle vergoeding moet ontvang ✓✓	• Vergoeding is op die tyd wat by die werk bestee word gebaseer ✓✓
• Enige relevante antwoord wat met stuksgewyse vergoeding verband hou	• Enige relevante antwoord wat met tydverwante vergoeding verband hou

Maks (8)

Implikasies van die WAV op die menslike hulpbronsfunksie

- Werkers kan nie maklik ontslaan word nie ✓ as gevolg van bedingingsraad/Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) ✓
 - Voorsien 'n raamwerk vir bilaterale vergaderings ✓ waar werknemers, vakbonde en werkgewers sake, wat met indiensneming verband hou, bespreek ✓
 - Moet werkers toelaat om werkplekforums/vakbonde ✓ te vorm om die belange van alle werknemers te bevorder ✓
 - Bevorder ordelike onderhandelinge en werknemerdeelname ✓ in besluitneming in die werkplek ✓
 - Beskerm die regte van werknemers/werkgewers ✓ soos in die Grondwet uiteengesit ✓
 - Bevorder ekonomiese ontwikkeling ✓ /sosiale geregtigheid/arbeidsvrede ✓
 - Bevorder die oplossing ✓ van arbeidsgeskille ✓
 - Verduidelik die oordrag van kontrakte van indiensneming ✓ /Indien 'n besigheid na 'n ander eienaar oorgedra word, dan word die werknemerskontrakte ook oorgedra ✓
 - Voorsien dat onopgeloste geskille na Arbeidshowe ✓ /Arbeidsappèlhowe verwys word ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die implikasie van die WAV op die menslike hulpbronsfunksie
- Maks (10)

Aspekte wat in die dienskontrak ingesluit moet word

- Persoonlike besonderhede van die werknemer ✓✓
- Besonderhede van die besigheid/werkgewer bv. Naam en adres ens. ✓✓
- Titel/pos ✓✓
- Posbeskrywing ✓✓
- Possesifikasie ✓✓
- Datum van indiensneming/aanvang van diens ✓✓
- Plek waar werknemer die meeste van sy/haar werktyd sal spandeer ✓✓

- Werksure, bv. Normale tyd/oortyd ✓✓
- Vergoeding, bv. weeklikse of maandelikse betaling ✓✓
- Voordele/byvoordele/toelaes ✓✓
- Verlof, bv. siek-/kraam-/jaarlikse-/aannemingsverlof ✓✓
- Werknemersaftrekkings (verplichtend/nie-verplichtend) ✓✓
- Kontrakperiode/Besonderhede van beëindiging ✓✓
- Proeftydperk ✓✓
- Handtekening van beide die werkgewer en werknemer ✓✓
- Lys dokumente wat deel van die kontrak vorm, bv. Aanstellingsbrief/gedragskode/etiek ✓✓
- Dissiplinêre beleid, bv. reëls en dissiplinêre prosedure vir onaanvaarbare gedrag ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die aspekte van die dienskontrak verband hou

NEEM KENNIS: 1. Merk slegs die eerste SES (6) aspekte.
2. Ken 'n maksimum van TWEE (2) punte vir elke aspek toe indien voorbeelde as aanbevelings gebruik word. Maks (12)

Slot

- Werknemers is een van die belangrikste hulpbronne in enige besigheid, dus behoort hul sukses deur 'n effektiewe induksieprogram gewaarborg te word ✓✓
- Doeltreffende plasingprosedures sal verseker dat geskoolde en bekwame werknemers behoue bly ✓✓
- Die menslike hulpbronnfunksie moet vaardigheidsontwikkeling in die werkplek koördineer en fasiliteer om bevoegde personeel te verseker ✓✓
- Dit is belangrik dat die werkgewer en werknemers die dienskontrakte teken ✓✓
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat met induksie/plasing/Vaardigheidsontwikkelingswet/dienskontrak verband hou

Maks (2)

[40]

VRAAG 6: UITEENSETTING VAN PUNTE

Besonderhede	Maximum	Totaal
Inleiding	2	Maks 32
Doel van induksie	10	
Plasingsprosedure	6	
Onderskei tussen stukwerk en tydverwante vergoeding	8	
Doel van die WAV (Nr. 66 van 1995)	10	
Aspekte in die dienskontrak	12	
Slot	2	
INSIG		
Uitleg / Struktuur	2	Maks 8
Analise / Interpretasie	2	
Sintese	2	
Oorspronklikheid / Voorbeelde	2	
TOTAAL PUNTE		40

LASO – vir elke komponent

Ken 2 punte toe indien daar aan al die vereistes voldoen word.

Ken 1 punt toe indien daar aan sommige vereistes voldoen word.

Ken 0 punte toe indien daar glad nie aan die vereistes nie voldoen word nie.

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOT TOTAAL: 150